

## Om belangrik te wil wees

Mense dink hulle is belangriker as ander en selfs belangriker as God. Die ontmoeting wil die kinders help om op 'n tasbare manier te sien dat ons almal verskillend is, maar dat daar nie een is wat belangriker is as die ander nie.

**Teks:** Genesis 11:1-9

**Hulpmiddels:**

- 9 houtblokkies waarop daar op die een vlak van die blokkie 'n groet in 'n spesifieke taal is en op die teenoorgestelde vlak van die blokkie die naam van die taal. Bv. Ola aan die een kant en Portugees aan die ander kant.

Hier is die lys van die 9 tale met hulle groetvorme:

Chinees - nǐ hǎo

Frans - bonjour

Hebreeus- shalom

Italiaans - ciao

Japanees - ohayoou

Portugees - olá

Xhosa - whamkilekile

Russies - Privet

Duits - Guten Tag

- Klei
- “Jenga” (indien beskikbaar)



### WELKOM

- Sing die “welkom”-liedjie soos by die vorige ontmoetings.
- Laat die kinders mekaar groet op die bekende wyse wat hulle ken. (Laat die kinders kyk hoeveel variasies hulle ken.)
- Leer nou vir 9 kinders elkeen een van die groetvorme in 'n ander taal en laat die ander kinders raai watter taal hulle gepraat het. Kyk wie is reg en leer vir hulle die verskillende groetvorme.
- Nog 'n voorstel: Gee vir die kinders strooitjies en kleeflint en laat hulle torings bou wat kan staan sonder dat iemand dit hoef vas te hou.



### WYDING

Temalied en stilword-ritueel soos by die vorige ontmoetings.



### WOORD

Kies 10 kinders en gee aan 9 van die kinders elkeen 'n blokkie met die verskillende groetvorme op. Vir die 10de een kan jy 'n staf of stok gee.

Neem die Bybel in die hand en lees Genesis 11:1-9 vers vir vers voor.

Elke keer as jy 'n vers klaar gelees het, moet 'n kind 'n blokkie kom neersit. Stapel vers vir vers die blokkies bo-op mekaar sodat daar stelselmatig 'n toring gevorm word.

Lees die hele gedeelte sodat al 9 blokkies opmekaar gestapel staan. Los egter die laaste sin van vers 9 uit: “Van daar het Hy die mense oor die hele aarde versprei.”

Vra nou vir die kinders watter taal is bo in die toring. Is dit die belangrikste taal? Is die taal wat heel onder is die onbelangrikste taal?

Lees nou die laaste sin van vers 9 en laat die 10de kind die hele toring omkap sodat daar nie een blokkie op die ander oor is nie.

Vra nou weer vir die kinders watter taal is die belangrikste?

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder waarom die mense gedink het hulle kan net so belangrik soos God wees as hulle 'n toring tot in die hemel kan bou.
2. Ek wonder of mense vandag nog dink hulle is belangriker as ander.
3. Ek wonder hoe laat dit jou voel as ander dink hulle is belangriker as jy.
4. Ek wonder of jy ook soms dink dat jy belangriker is as ander en hoe laat dit die ander dan voel?



## WERSKAF


- ◆ Gee vir die kinders blokkies of Lego of bakstene om mee te speel om te kyk of hulle 'n toring kan bou. Jy kan ook vir hulle net klippe gee en hulle uitdaag om soveel moontlik van die klippe opmekaar te stapel.
- ◆ Gee vir die kinders klei (sien die reseps onderaan die ontmoeting) sodat hulle bakstene kan maak en dit ook opmekaar kan stapel. (Gebruik die afdruk waarmee beskuit uitgedruk word, om die perfekte bakstene uit te druk.)
- ◆ Gee vir die kinders papier en kryte sodat hulle die toring van Babel kan teken.
- ◆ Indien jy die speletjie "Jenga" het, kan jy dit ook uitsit sodat die kinders daarmee kan speel.
- ◆ Laat die kinders torings bou en met balle probeer omrol soos in "ten pin bowling".
- ◆ Toring van Babel uit papier gemaak. (Sien aangehegte aktiwiteit.)

Sluit af met die seënbede.

### RESEP VIR KLEIDEEG

500 ml koekmeel                      125 ml sout  
25 ml kremetart                      25 ml kookolie  
omtrent 350 ml kookwater

Meng die meel, sout en kremetart goed. Voeg die kookolie en daarna die kookwater bietjie-vir-bietjie by tot die deeg reg lyk. Knie die deeg baie goed.



Vou 'n reghoekige papier in die helfte. Sny die kopies in soos aangedui op die patroon. Terwyl die papier gevou bly, vou elke "trappie" in die teenoorgestelde rigting. Vou die papier oop en vou elke trappie sodat dit soos op die foto lyk.

